

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 1-5 DESEMBER 2008

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 28 November	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	21209	+3143 (+17.40%)	Volatiel
Nywerheidsindeks	19451	+1352 (+7.47%)	Volatiel
Goudindeks	1992	+387 (+24.11%)	Volatiel
Finansiële Indeks	16023	+1519 (10.47%)	Volatiel
Rand/\$	R9.98/\$	-86cent (-8.03%)	R9.70-10.15/\$
Goudprys	\$814	+\$40 (+5.16%)	\$7.90- \$830
Dow Jones	8829	+1276 (+16.91%)	Volatiel
Nikkei	8512	+601 (+7.60%)	Volatiel
FTSE-100	4288	+107 (+13.41%)	Volatiel
Hang Seng	13888	+1229 (+9.71%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	296	+18 (+6.47%)	Toename
R157	8.28%	+3 (+0.24%)	Toename

Wêreld finansiële markte het verlede week begin herstel. Negatiewe sentiment maak plek vir optimisme, soos wat van die reddingsgelde in die VSA via die banksektor versprei is. Die Dow Jones op Wall Street het op al vier dae hoër gesluit (Donderdag was 'n publieke vakansiedag). Die indeks het die grootste styging in 'n week vir hierdie jaar gehad van byna 17%. Verwagtings vir verdere belastingverligting van die Obama administrasie vroeg volgende jaar, asook verdere rentekoersverlagings, ondersteun die herstel.

In tandem met die skerp herstel in aandelepryse in New York, het aandelepryse op die JSE ook een van sy grootste herstellings hierdie jaar gehad. Nuus dat die ekonomie nie in 'n resessie is nie, maar 'n positiewe groei koers gehad het van 0.2% gedurende die derde kwartaal, asook dié van die inflasiesyfers, beide VPIX (12.4%) en die PPI (14.5%) wat laer was as markverwagtings, het aandelepryse ondersteun. Die ALSI, gelei deur 'n skerp styging in die pryse vir goud en platinum, het verlede week met 17.40% opgeskiet. Figuur 1 toon duidelik die dubbelonderpunt wat verlede week gevorm is en die skerp herstel in die ALSI aan. Tegnies is die volgende weerstandvlak rondom 27 000.

Die hoër goudprys, asook nuus dat China hul rentekoerse teen 'n groot marge verminder het, het die goudindeks bevoordeel soos wat dit verlede week met meer as 21% gestyg het. Harmony Gold het met R19.50 (29.32%) per aandeel gestyg, Gold Fields met R19.45 (30.27%) per aandeel en AngloGold Ashanti met R34.25 (18.54%) per aandeel. Die genoteerde eiendomsindeks het ook sy herstel voortgesit soos wat die indeks met 6.47% gestyg het. Die rand het ook sterker beweeg teen die hoofgeldeenheide en het met 86 sent teenoor die dollar versterk, en net onder R10.00/\$ geëindig.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za


Bladsy 1 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitend staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Figuur 1: Die ALSI op die JSE: Die volgende weerstandvlak is nou rondom 27 000



Drie belangrike ekonomiese aanwysers vir Suid-Afrika sal hierdie week vrygestel word. Die Investment Purchasing Managers Index vir November sal vandag gepubliseer word. Verlede maand se daalbeweging tot 46.2 punte was negatief vir die aandelemark. Ons verwag hierdie keer 'n effense verbetering. Die motorverkoopsyfers vir November word Woensdag bekendgestel, terwyl Suid-Afrika se buitelandse reserweposisies Vrydag aangekondig word. Ongelukkig word dit verwag dat 'n mengelmoes ekonomiese nuus hierdie week aangekondig gaan word. Ben Bernanke, voorsitter van die Federale Reserweraad, bespreek vandag die VSA ekonomie. Die motorverkoopsyfers vir die VSA sal hierdie Woensdag vrygestel word, asook die Federale Reserweraad se sogenaamde beige boek wat 'n oorsig op streeksekonomiese prestasie gee. Die weeklikse indiensname-data vir die VSA sal belangrik wees. Drie verskillende metings vir indiensname sal vrygestel word, naamlik nuwe werkloosheidseise (laaste week van November 2008) en die werkloosheidskoers vir November 2008. Met die vrystelling van die nie-landbou loonsyfers verlede maand, het aandelepryse heelwat negatief beweeg. Dit word weer hierdie maand verwag dat die syfer nog erger gaan wees. Daar is verwagtings dat 300 000 werksgeleenthede verlede maand verlore gegaan het teen die 240 000 van Oktober. Om die beurt sal dit aandui dat die VSA werkloosheidskoers verder versleg het vanaf 6.5% in Oktober tot 6.8%, die hoogste in jare. Tesame met die vrystelling van die verbruikerskredietisyfers vir Oktober 2008 hierdie Vrydag (dit word verwag dat verbruikers baie minder krediet gebruik het, naamlik R2.7 miljard teen 6.9 miljard in September) kan Wall Street die week laer eindig weens 'n verergerende resessievrees. Indien kommoditeitspryse aanhou herstel, kan aandele op die JSE nietemin deur die week weer hoër beweeg. Maar oor die algemeen verwag ons hierdie week 'n taamlike volatiele beweging op aandelemarkte, waarvan die uitkoms onseker is.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Tabel 2: Vrstellingskedule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Verwag	Vorige
Des 1	VSA	Konstruksiebesteding	Okt	-0.9%	-0.3%
Des 1	VSA	ISM Index	Nov	38.0	38.9
Des 1	RSA	Investec Purchasing Managers Index (IPM)	Nov	46.8	46.2
Des 2	VSA	Motorverkope	Nov	NVT	NVT
Des 2	VSA	Vragmotorverkope	Nov	NVT	NVT
Des 2	RSA	Voertuigverkope (Eenhede)	Nov	39 000	38143
Des 3	VSA	ADP Indiensname	Nov	-173K	-
Des 3	VSA	Produktiwiteit-Hersien.	KW3	0.9%	1.1%
Des 3	VSA	ISM Dienste	Nov	42.6	44.4
Des 3	VSA	Fed's Beige Book	-	-	-
Des 4	VSA	Nuwe Werkloosheidseise	11/29	NVT	NVT
Des 4	VSA	Fabriekbestellings	Okt	-2.7%	-2.5%
Des 5	VSA	Gemiddelde Werksweek	Nov	33.6	33.6
Des 5	RSA	Internasionale Likiditeitsposisie	Nov	\$32.3 bn	\$32.1bn
Des 5	VSA	Verdienste Per Uur	Nov	0.2%	0.2%
Des 5	VSA	Nie-Landbou Loonsyfers	Nov	-300K	-240K
Des 5	VSA	Werkloosheidskoers	Nov	6.8%	6.5%
Des 5	VSA	Verbruikerskrediet	Okt	\$2.7B	\$6.9B

Prof Chris Harmse
1 Desember 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspuitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.